DEEL 116 | WEEK 7 | 16 FEBRUARIE | 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Windenergieprojek: 'n Kans vir Ontwikkeling in Heilbron



Die Gottenburg Boerevereniging het onlangs 'n opwindende geleentheid aangegryp om meer te leer oor die werking van wind turbines en die moontlikhede asook uitdagings wat dit vir die gemeenskap inhou. Deur 'n borgskap van 'n wind turbine maatskappy het 11 boere 'n besoek aan die windplase in Humansdorp en Oesterbaai gebring, 'n plaas wat reeds vir 14 jaar bestaan. Die boere was ingelig oor die voor- en nadele van wind turbines. Een van die grootste voordele van hierdie projek is die potensiaal vir beduidende ekonomiese ontwikkeling binne 'n 50km-radius van Heilbron. Dit sluit nie net die opgradering van paaie en algemene infrastruktuur in nie, maar ook die skep van werksgeleenthede vir plaaslike inwoners.

Met die moontlikheid van tot 750 tydelike poste gedurende die konstrukiesfase van die projek, bied dit 'n welkome geleentheid vir die plaaslike ekonomie. Boere op wie se plase turbines opgesit is, kry ook 'n vaste inkomste wat die boere aansienlik sal kan help.

Natuurlik kom hierdie projek nie sonder uitdagings nie. Een van die grootste is die tydsduur van die ontwikkelingsfase, wat na verwagting twee jaar sal duur. Voor die konstruksie kan begin, moet daar 'n periode van vyf jaar wees waarin omvattende omgewingsondersoeke gedoen word deur Fauna en Flora om die geskikte areas vir die turbines te bepaal. Hierdie proses sluit in die vermyding van sensitiewe areas soos historiese geboue, damme, riviere, en bedreigde spesies.

Een van die grootste nadele vir die boere is die impak op die gemeenskap tydens en na die konstruksiefase. Die tydelike styging tydens die konstruksiefase waar ongeveer 80 werknemers op die plase beweeg, kan moontlik misdaad verhoog. Dit beklemtoon die belangrikheid van die instelling van effektiewe sekuriteitsmaatreëls en die opgradering van die dorp se sekuriteit.

Daarbenewens is die selektiewe proses vir die opstel van turbines deur Fauna en Flora 'n belangrike faktor. Dit verseker dat die turbines nie net die omgewing se natuurlike skoonheid bedreig nie, maar ook die leefwyse van plaaslike gemeenskappe respekteer.

Die sukses van soortgelyke projekte elders in die land, soos in Humansdorp en Oesterbaai, is 'n bron van hoop vir die Heilbron boeregemeenskap. Dit bewys dat windenergieprojekte nie net ekonomiese voordele bied nie, maar ook die potensiaal het om 'n positiewe impak op die plaaslike gemeenskap te hê.

In samewerking met die plaaslike owerhede, beveiligingsmaatskappye en gemeenskapsleiers, kan die projek 'n suksesvolle pad na 'n meer volhoubare toekoms vir die gemeenskap hê. Met die regte beplanning en samewerking kan hierdie projek nie net die landskap van Heilbron bevoordeel nie, maar ook die lewens van sy inwoners verbeter.






HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!



# UIT DIE PEN:

## Week 7

Toe ek klein was, het die boere vertel van KI. Kunsmatige Inseminasie. Daardie tyd se gonswoord. Om 'n beter kudde te teel, is sperm van uitgesoekte bulle aangekoop en koeie is daarmee geïnsemineer. Toe ek my oë drie keer knip, word ek vertel dat KI eerder Kunsmatige Intelligensie is. Wat seker nie baie ver van Kunsmatige Inseminasie is nie. Hang af hoe jy daarna kyk. Dit sommer tong in die kies.

Ek het iemand geken wat altyd beter wou wees as ander. Sy het vertel hoe hard sy werk. Hulle kantoor het 'n intekenstelsel gehad waar jy dit per hand moes doen. Wanneer sy in die oggend, drie sekondes vòòr die ontvangsdame by die kantoor aangekom het, het sy aangeteken dat sy 06:20 al op kantoor was.

Sy het blykbaar vir haar groot Merc gewag terwyl sy met 'n "ou C-klassie" moes ry. Sy het 'n groot, nagemaakte silwer ring gedra en vertel dat haar goue replika in haar kluis is. Sy het geen kwalifikasies gehad nie, maar vertel dat sy 'n B graad in Bemarking het. Later sou dit aan die lig kom dat sy een van haar kollegas gevra het om vir haar 'n graad te koop.

Haar seun, het sy vertel, was sò begaafd dat drie skole vir hom beurse wou aanbied, maar hy het geweier. Sy wou hom die beste tersiêre onderrig gee en daarom het sy hom by 'n Ierse Universiteit ingeskryf. Vra ek toe so ewe: Moes hy ook 'n kursus in Iers doen? Nee, vra sy, hoekom sou hy dit nou wou doen? Wel, ek ken iemand wat in Japan studeer en hy moes eers Japanees leer, alhoewel Engels die akademiese taal was. Ek het later gesien dat hy aan een van ons land se afstandsonderriguniversiteite studeer het. Nie in Ierland nie.

Iedergeval wou die dame opsluit hê dat die hoogsbegaafde kind verder in AI moet gaan studeer. KI, sê ek. Nee, AI, sê sy. Ek sê: "Before we can embrace artificial intelligence you first need to solve human stupidity." Sy kyk my met 'n dolleë uitdrukking aan.

Ek voel nogsteeds so oor Kunsmatige Intelligensie. KI. Ek wonder vandag hoe gaan ons dit kan behartig as ons nie eers die basiese mensereëls kan gehoorsaam nie?

Verlede week het ek geskryf oor deepfakes. Diepvervalsing, lees ek. Dit was nogal onlangs in die nuus. Prof Basie Von Solms van UJ het ook hierdie week 'n artikel op Netwerk24 daaroor geplaas. Net soos ek, is hy bekommerd oor Kunsmatige Intelligensie, misinformasie en disinformasie. Misinformasie is wanneer jy verkeerde inligting kry. Disinformasie gee jou ook die verkeerde inligting, maar met die opset en doel om jou te mislei.

Ek wonder wat gaan gebeur as ons nie tussen waar en wolhaar kan onderskei nie?

Onlangs pos iemand 'n stemnota op 'n WhatsAppgroep met disinformasie. Diè stemnota is vanaf een groep na die ander aangestuur. Volgens die beskrywing is die spreker 'n bestuurder van 'n instansie, met baie jare se ondervinding. Maar die perd wat daar praat, klink of hy nog verlede week met babapoeier gevryf was.

Die ironie is dat die WhatsAppgroepie elke woord geglo het, al was dit onwaar, want dit is wat hulle wòù hoor. Hulle is heerlik mislei en weet dit nog nie eers nie. Ten koste van die persoon waaroor die stemnota handel. Die ergste is dat ons sulke mense, wat alles vir soetkoek opeet, toelaat om voort te plant! Met of sonder KI (hierdie keer verwys ek na Kunsmatige Inseminasie).

Ek is regtig skrikkerig oor die wêreld en ons toekoms wanneer ek aan KI (nou verwys ek na Kunsmatige Intelligensie) dink. Gaan ons dalk ook maar net wol om ons ore kry en alles glo wat ons sien en hoor?

Hoe gaan ons uiteindelik kan onderskei tussen werklikheid en 'n geskepte wêreld? Hoe gaan jy jouself kan verdedig wanneer daar ewe skielik 'n video van jou verskyn waarin jy dinge doen wat jy nooit sou doen nie? Of goeters sê wat jy nie van weet nie?

Twee maniere om te onderskei of 'n video met KI gemaak is of natuurlik is, is om te kyk hoe die persoon se kop op sy lyf pas. Die tweede manier is om te kyk dat die woorde en die beweging van die lippe sinchroniseer. Maar tegnologie verander so vinnig dat dit ook binnekort nie eers meer gaan help nie. Ongelukkig sal KI in die hande van skelms kom. Hoe beskerm jy dan jouself?

KI, in die vorm van ChatGPT word tans in grootmaat gebruik om briewe, toesprake, opdragte en dies meer te skryf. Ek het in Desember 'n lang Kersboodskap, in Engels nogal, vanaf 'n kliënt ontvang. Vir dié man is Engels nie 'n tweede taal nie, maar 'n vreemde taal. Die boodskap het gewemel van clichés en byvoeglike naamwoorde, goeie wense en bedankings. Duidelik deur Chat GPT geskryf. Dan wonder ek of die boodskap regtig uit die hart kom?

'n Dosent aan 'n groot universiteit het besluit dat sy ChatGPT gaan inbou in haar lesse. (If you can't beat them, join them). Sy het aan die studente 'n opdrag gegee om, met behulp van ChatGPT, 'n kort tesis te skryf. Hulle moes dit uitdruk en klas toe bring. Daarna moes die student elke stelling wat ChatGPT gee, evalueer. Skitterende idee, dink ek.

Maar hoeveel take stuur skoolkinders en studente so in? Dalk verhandelinge op PhD vlak, ek weet nie.

Is ek die enigste een wat skrikkerig is vir KI? Tans bevind ek myself aan dieselfde kant as Elon Musk, Bill Gates, Stephen Hawking.

Laasgenoemde het opgemerk: "The development of full artificial intelligence could spell the end of the human race. It would take off on its own, and re-design itself at an ever-increasing rate".

Ek wonder vandag of ek die enigste een wat effens kriewelrig is ook KI? Of is dit net my verbeelding?

*NS: Die student na wie ek verwys het in die vierde paragraaf het nou nog nie in KI begin studeer nie…*

# EET REG, OEFEN

• *Heilbron Kliniek*

## Baie Suid-Afrikaners leef ongesond en is onfiks, is in 'n onlangse opname bevind. Ons gee raad

DIE Navorsingsraad vir Menslike Wetenskappe het onlangs 'n nasionale opname oor gesondheid en voeding gepubliseer. Die doel daarvan is om beleidmakers te help met strategieë vir die bekamping van siektes wat te doen het met dieet, gewig en 'n gebrek aan oefening. Hier is van die feite wat die opname opgelewer het.

Meer as 25 000 mense het vraelyste voltooi. Sowat 12 000 van hulle het 'n fisieke ondersoek ondergaan. Meer as 8 000 se bloed is getoets vir toetse.

BRONNE: HSRC.AC.ZA, WHO.INT, HEALTH24.COM, MEDICALNEWSTODAY.COM

### FIKSHEID: OUDERDOM 18-40

27,9% ONFIKS

45,2% ONFIKS

**AANBEVELINGS**
Die Wêreldgesondheidsorganisasie beveel aan dat volwassenes minstens 150 minute se matige aerobiese oefening per week doen.

### ROOK

20,8% van die bevolking het al tabak gerook.

16,2% rook daagliks.


2,6% is voormalige rokers.

2% rook minder as daagliks.

'n Roker se lewensduur is dikwels 10 jaar korter as dié van iemand wat nog nooit gerook het nie. Maar in 'n studie wat vroeër vanjaar in The New England Journal of Medicine gepubliseer is, is bevind rokers wat voor 40 jaar oud ophou rook, kan byna net so lank leef soos dié wat nooit gerook het nie. Rokers wat tussen 35 en 44 ophou rook, kan nege jaar by hul lewensduur voeg, en dié wat tussen 45 en 54 ophou, ses jaar.

### MIDDELOMTREK

'n Middelomtrek van meer as **88 cm** by vroue en **102 cm** by mans verhoog jou kans (%) om 'n metaboliese siekte soos diabetes te kry:




### DIABETES

9,6% van die deelnemers het diabetes.

**AANBEVELINGS**
Voorkom diabetes deur sekere leefstylaanpassings te maak. Beheer jou gewig, kry genoeg oefening en volg 'n laevetdieet ryk aan vrugte en groente.

### HOË BLOEDDRUK

Persentasie mense met hoë bloeddruk

| 35-44 j. | 45-54 j. | 55-64 j. | 65 j.+ |
|---|---|---|---|
| 12,2% | 19,5% | 21,5% | 18,9% |

**AANBEVELINGS**
Beheer jou bloeddruk met 'n dieet van laevet- en kaliumryke kos, laevetsuiwelprodukte en maer vleis.

### INNAME VAN VRUGTE & GROENTE

HOOG 29,1% van bevolking

LAAG 25,6% van bevolking

GEMIDDELD 45,3% van bevolking

**AANBEVELINGS**
Die Wêreldgesondheidsorganisasie beveel aan dat 'n minimum van 400 g groente en vrugte per dag geëet word om chroniese siektes te help voorkom.



### BENEFITS OF BREASTFEEDING

• Heilbron Clinic

**B** Best for baby

**R** Reduce allergies

**E** Economical - Free

**A** Antibodies - Protect child

**S** Stools - Not constipated
Stools - Not a bad smell

**T** Temperature - always ideal

**F** Fresh milk - Never goes off

**E** Emotionally bonding - *Between mother and child*

**E** Enough - Never run out of milk

**D** Digested easily

**I** Immediately available

**N** Nutritionally optimal - *Contains everything baby need*

**G** Gastro (Reduce diarree)

# Heilbron Kliniek projek

Alle swanger vrouens en mammas met babas word uitgenooi na 'n baie insiggewende praatjie rakende dieet gedurende swangerskap en vir die babas.


**Datum:** Woensdag, 21 Februarie 2024
**Tyd:** 10:00
**Plek:** Heilbron Kliniek





*Vertroue in ons toekoms*
SAAM STAP ONS DIE PAD NA SUKSES
Ons is boere. Ons verstaan jou uitdagings en jou drome.
Vir meer as 'n 100 jaar is BKB aan die plaas gebonde. Daarom, by BKB Frankfort, beywer ons onsself vir veeveilings op die plaas. Dit bied verbeterde biosekuriteit, sny vervoerkoste, en verbeter deursigtigheid – alles in die beste belang van ons boere. Wees verseker, met ons deursigtige veeveilingsplatforms en plaaslike kennis, is ons hier vir jou vee.
Saam baan ons die toekoms van landbou, en beweeg ons nader aan mekaar en aan jou. Saam kweek ons welvaart. Dit gaan oor julle - die boere, Frankfort se gemeenskap, ons gemeenskap.
Vir julle vertroue in die toekoms, vir julle vertroue in ons. Dankie.
www.bkb.co.za
BKB Lewendehawe
BKB
#VolhoubaarheidGeïntegreer
MENSE | PLANEET | WINS
VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP | VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING
#GeïntegreerdeIntegriteit

# INSPIRASIE RESEPTE




**DE VRY DISTILLERY ROSEMARY GIN COOLER**

**Ingredients**
50ml De Vry Droë Rooinek Dry Gin
50ml Rosemary sugar syrup
25ml Freshly Squeezed Lemon Juice
Soda Water
Lemon Rind
Rosemary sticks
Ice

**Glass-Tumbler**
**Method**
1. Take 250ml water, 250ml sugar, 10 rosemary sticks, and bring to a slow boil until the sugar is completely dissolved.

2. Let your rosemary sugar syrup cool down for an hour or two.


3. Take your tumbler, fill halfway with ice.

4. Add Gin, Lemon Juice, and Rosemary Syrup and top with Soda water.

5. Garnish with fresh rosemary and lemon rind.

Serve with snacks at your next dinner party or have as a sundowner!

Perfect drink for this hot weather!




*Wolter en Kyla Bennink is getroud op die 4de Februarie te Gereformeerde Kerk Heilbron. Wolter is die seun van Wolter en Liaani Bennink van Heilbron. Kyla is die dogter van Bertie en Michelle de Lange van Koppies. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*

# Heilbron Fynproewers se jaarlikse "verrassingsaand"

Wanneer daar van geregte soos Sanyet el Batates (Egiptiese gekruide aartappelgereg), Dauphinoise (Franse aartappelgereg), Kofta chawal (Indiese vleisballetjies op rys), Tzatziki (Griekse doopsous), Tacos (Mexikaanse tortillas) en Carbonara pizza met egte Parmigiano Reggiano kaas vars vanuit Italie gepraat word, dan weet jy dat jy by die Heilbron Fynproewers se eerste byeenkoms vir 2024 was.

Op Vrydag, 9 Februarie het die tafels behoorlik gekreun onder al die interessante disse met geurige en unieke smake. Die Heilbron Fynproewers het die jaar afgeskop met hul jaarlikse "verrassingsaand". Dié keer kon jy enige gereg van jou keuse bring van enige land, behalwe Suid-Afrika. Daar was ook lasagne (Italie), Peri-Peri hoender (Portugal) en ȟ Chinese hoendergereg. 'n Tradisionele Griekse slaai en 'n heerlike slaai van 'n gas uit Namibië het die vars elemente op die bord gedek. Duitse appelpannekoek, Griekse baklava, Franse sjokolade mousse en 'n Brasiliaanse poeding het die aand afgerond. Die volgende byeenkoms sal in Meimaand aangebied word.





*Op die foto bo: Trompie en Mariëtta Grobbelaar.*

*Foto links: Izerka en Alwyn Swart.*



*Op die foto vl: Marlene Agenbag, Annari Combrink en Nellien Scheepers.*

# Ringerstraat Jeugsorgsentrum verwelkom 'n ou bekende

Na 5 jaar by die Charlotte Theron Kinderhuis in Bethlehem is Elmarie Els weer terug in Heilbron en is sy reg vir 'n nuwe seisoen as maatskaplike werker by Ringerstraat Jeugsorgsentrum. Sy is ook by Sasolburg en Vrede se sentrums betrokke. Sy het waardevolle ondervinding opgedoen en is propvol idees vir die uitdaging wat voorlê.

Die jeugsorgsentrum het sy deure amptelik geopen op 10 Januarie 2005 nadat Mev Cecile Krause bewus geraak het van 'n behoefte in die gemeenskap en het die bal aan die rol gesit om die sentrum te open. Die huis geleë op die hoek van Ringer- en Kerkstraat is deur NG Welsyn gekoop en was daar gewoeker om die huis geskik te maak as 'n jeugsorgsentrum.

Daar kan tans 12 kinders met ouderdomme wat wissel van babas tot 18 jaar geakkommodeer word. Daar is ook verskeie dienste wat gelewer word om die kinders by te staan, soos die aanbied van programme wat die kind help met fisiese-, emsionele-, sosiale-, godsdienstige- en opvoedkundige ontwikkeling en assessering van die kinders met die oog op plasing.

Die sentrum ontvang 'n geringe subsidie van die staat en is uiters afhanklik van donasies vanuit die gemeenskap. Skenkings soos kos, klere (veral skoene en onderklere), skryfbehoeftes, skoonmaakmiddels asook geldelike donasies is van kardinale belang. Belangstellendes kan ook deel van die beheerraad word en so uithelp met die funksionering van die sentrum. Vir meer inligting of om 'n afspraak te reël, kontak gerus vir Elmarie Els by 079 599 4135 of Marcelle Ereche by 082 449 0108.



*Op die foto: Elmarie Els*



# Skote klap by fondsinsameling

Die atmosfeer was gelaai met opwinding toe Hoërskool Heilbron onlangs hul eerste fondsinsameling aangebied het. Selfs die reën van die vorige dag kon nie die gees van die gesoute jagters wat deelgeneem het aan die skietkompetisie demp nie. Die voorlegging vir hierdie suksesvolle dag is toegeskryf aan Smurf Claasen en Jaco Nel, wat nie net die inisiatief aan die skool voorgelê het nie, maar ook 'n onmisbare bydrae gelewer het gedurende die hele geleentheid, saam met die baanoffisiere.

Die weer het duidelik nie die deelname beïnvloed nie, want die kinders het onverskrokke in die modder baljaar, met 'n glimlag op hul gesigte. Dit was 'n bewys van die vasberadenheid en toewyding van die skoolgemeenskap om die doel van die fondsinsamelings poging te bereik.

Die skool wil graag elke borg bedank vir hul bydraes. Sonder die ondersteuning van hierdie borge sou die sukses van die dag nie moontlik gewees het nie. Dit is deur sulke samewerking dat die skool kan floreer en die nodige fondse kan werf om belangrike projekte en inisiatiewe te ondersteun.

Hierdie eerste fondsinsameling by Hoërskool Heilbron het 'n sterk fondament gelê vir toekomstige pogings. Dit is 'n bewys van die krag van gemeenskap en gesamentlike inisiatiewe. Mag hierdie sukses 'n inspirasie wees vir verdere groei en ontwikkeling binne die skool en die gemeenskap as geheel.

**Skietkompetisie wenners:**
Laerskool - Tokkie Bouwer
Hoërskool - Carlie Rochat
Langafstand - BD Oosthuizen
PRS - Francois Taylor



*Op die foto bo: Mnr Wessel Pieters en Tokkie Bouwer.*














# Uitstekende matriekuitslae



*Hoërskool Heilbron ontvang pryse by die jaarlikse Fezile Dabi "Well Done" function vir hulle uitstekende 2023 matriekuitslae.*

# Klub 11 groet Judy Kemp



*Op die foto vl: Ellen Marais, Rina Groenewald, Magriet Booysen, Magdaleen J van Rensburg, Judy Kemp, Laurette Naudé, Martie van Jaarsveld, Wendy Roos en Petro Meintjes.*

# Join the Groovists Games Reloaded Season 2

We are thrilled to announce the highly anticipated second season of the Groovists Games! This time, we're expanding our reach and aiming to cater to all ages by introducing a diverse range of sporting activities including tinbox (Matin), 5-a-side soccer matches, and more. Stay tuned as we prepare to introduce indigenous games in the upcoming weeks.

At Groovists Games Reloaded, our mission is clear: to support and uplift the Heilbron community through every means possible. We warmly welcome any donations as they play a crucial role in helping us achieve our goals. As a registered Non-Profit Organization with a tax number, rest assured that every contribution is recognized by the law.

Mark your calendars because the excitement begins on the 17th of February 2024! Join us live in action, starting with the Groovists Walk at 9:00 am this coming Saturday. We'll kick off from Mapetla library, following the taxi main route to the Sport Complex.

To all our Groovists, remember that this Saturday marks the start of our friendly games. We expect all teams to be present for both netball and soccer matches.

Most importantly, we're calling for donations! If you have any clothes, sanitary pads, old books, or sporting items that you no longer need and would like to contribute, please bring them to the sports complex. Remember, when charity begins at home, nothing is impossible for us.

For more information, visit our Facebook page "Groovists Games Reloaded" or contact Thomas Black at 083 435 9005 or Sello at 078 235 6744.







POSTNET HEILBRON
Besigheidsure
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006



# Ouers, maak jul stem dik vir skoolbeheerliggame

Die betrokkenheid van ouers in die bestuur van skole is van kardinale belang vir die sukses van ons kinders se opvoeding. Met die afloop van die termyn van drie jaar vir skoolbeheerliggame, soos vereis deur die Skolewet, en die swak opkoms van ouers in die verkiesings, het die fokus geplaas op die mate van ouerbetrokkenheid in skoolbestuur. Dit is 'n bekommernis wat deur die Federasie van Afrikaanse Skole (Fedsas) uitgespreek is, en dit raak nie net Afrikaanse skole nie, maar al die openbare skole landwyd.

Die voorgestelde wysigings in die Basiese Onderwyswet (Bela) het gewys op die belangrikheid vir ouers om nuwe beheerliggame te verkies vir die sowat 23 000 openbare skole landswyd. Minister Angie Motshekga van basiese onderwys het die datums vir die verkiesings bekendgemaak en beklemtoon dat ouers se deelname van noodsaaklikheid is vir die toekoms van ons skole. Met die huidige beheerliggame se termyn wat binnekort in April eindig, doen Motshekga 'n dringende beroep op ouers om betrokke te raak by die verkiesings om 'n sterk mandaat te gee aan die nuwe leiers, veral met die omstrede Bela-wetsontwerp wat tans oorweeg word deur die nasionale en provinsiale regerings.

James Ndlebe, direkteur van beplanning en ondersteuning by die departement van basiese onderwys, beklemtoon die kritiese rol wat ouers speel in die bestuur van skole en hoe hul deelname die toekoms van ons kinders beïnvloed. Hy nooi ouers uit om deel te neem aan die verkiesings, hetsy as kandidate of deur te stem vir hul verteenwoordigers.

Jaco Deacon, uitvoerende hoof van Fedsas, beklemtoon die belangrikheid van ouerbetrokkenheid in skoolbeheer en wys daarop dat navorsing herhaaldelik bewys het dat skole met aktiewe ouerliggame uitstekend presteer. Dit maak dit dus noodsaaklik vir ouers om hul stemme te laat hoor en 'n verskil te maak in die toekoms van ons nasie.

Om ouers meer te betrek by die verkiesingsproses, word verskeie voorstelle gemaak, insluitend die hou van ouervergaderings om kandidate te benoem, 'n daglange verkiesingsproses wat ouers toelaat om enige tyd van die dag te stem, en selfs 'n aanlyn verkiesingstelsel. Motshekga verseker ook dat die departement 'n omvattende veldtog sal voer om ouers bewus te maak van die verkiesings deur tradisionele en digitale media.

Die hoogs gesiene betrokkenheid van ouers is van uiterste belang vir die toekoms van ons skole en die sukses van ons kinders. Daarom word ouers dringend versoek om hul stemme te laat hoor en 'n aktiewe rol te speel in die verkiesings van skoolbeheerliggame.

Kandidate Vir Hoërskool Heilbron se beheerliggaam word vanaf 16 Februarie genomineer. Die nominasievorm sal beskikbaar wees by die kantoor en alle nominasies sluit op 26 Februarie om 14:00. Die nominasies sal op 27 Februarie tydens 'n nominasievergadering in die skoolsaal om 17:00 bekendgemaak word. Persone wat genomineer word, moet wettige voogde van ingeskrewe leerders wees. Die verkiesings vind plaas op 1 Maart 2024 vanaf 07:00 tot 14:00.

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **22 Februarie** | Pannekoekdag @ NG Kerk Moedergemeente |
| **29 Februarie** | Etes / bestellings voor 24/2 @ AP Kerk |
| **1 Maart** | Wêreldbiddag vir Vroue om 08:00 @ NG Kerk Moedergemeente |
| **2 Maart** | (Saterdag) - Basaar @ NG Kerk Moedergemeente |
| **8 Maart** | Ribburger verkope @ AGS Heilbron |
| **10 Maart** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **16 Maart** | • Gholfdag @ NG Kerk Heilbron-Suid<br>• Pitt Stop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal<br>• Vroue-ringskonferensie @ Reitz Moedergemeente |
| **17 Maart** | (Sondag) Willie Joubert tree op om 09:00 @ NG Kerk Moedergemeente |
| **26 Maart** | Bloedskenk in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **29 Maart** | Goeie Vrydag: Gesamentlike erediens en nagmaal @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Maart** | Paassondag: Gesamentlike erediens @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **20 April** | Pitt Stop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **28 April** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **4 Mei** | Kermis / Basaar @ AGS Heilbron |
| **2 Augustus** | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **17 Augustus** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Augustus** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# Gideon Swart se 107 lopies nie genoeg om Vanderbijlpark te troef nie

Heilbron Krieketklub het Saterdag 'n geweldige telling van 284 lopies na gejaag teen Vanderbijlpark. Die span het dieper in die stryd gedelf en 'n indrukwekkende vertoning gelewer. Die dag het begin met beloftes van 'n opwindende wedstryd, maar uiteindelik was dit Vanderbijlpark wat aan die voorpunt gebly het.



Die wedstryd het vinnig afgeskop, met die kolwers wat die bal goed van die hand af gevat het en lang slae ingelê het. Dit was 'n fees vir die oog om te sien hoe die kolwers hulself uitleef en 12 sesse en 17 viere in die beurt geslaan het. Ongelukkig was dit nie genoeg nie, en Heilbron het met net 11 lopies verloor.

Een speler het egter 'n skitterende vertoning gelewer wat die aandag van die skare vasgevang het. Gideon Swart het 'n indrukwekkende 107 lopies aangeteken, terwyl hy ook twee uitstekende vangskote op die grens geneem het en een paaltjie laat kantel het. Sy bydrae was onmiskenbaar en hy is tereg as die speler van die wedstryd aangewys.

Die Heilbron Krieketklub se volgende uitdaging wag teen Rust Ter Vaal in Vereeniging hierdie naweek. Die naweek van die 24ste Februarie vat Heilbron vir Vereeniging op hul tuisveld aan by Hoërskool Heilbron. Die wedstryde begin om 13:00 en beloof weer 'n opwindende vertoning te wees.

Vir diegene wat 'n bietjie ontspanning soek, is daar ook 'n heerlike braai en kuier by die veld tydens die stryd. Alle toeskouers is hartlik welkom om die aksie te kom ondersteun en die geselligheid te geniet.

*Op die foto vl: Pieter Bronkhorst en Gideon Swart.*






# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

## VERLORE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T8276/2014** geregistreer in die naam van **WIMPIE BOSMAN TRUST** Registrasienommer **IT953/1997** ten aansien van Restant van die Plaas Haldon 270, distrik LINDLEY, Provinsie Vrystaat, wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 7de dag van Februarie 2024.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/G21275**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS ADRES: bloemwess@internext.co.za**
**KONTAKNOMMER: 051436 1209**

## VERLORE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T13199/2016** geregistreer in die naam van **IAN ENSLIN FAMILIE TRUST** Registrasienommer **IT1680/2003** ten aansien van die Plaas Johanna's Dal 755, distrik LINDLEY, Provinsie Vrystaat, wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 7de dag van Februarie 2024.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/G21275**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS ADRES: bloemwess@internext.co.za**
**KONTAKNOMMER: 051 436 1209**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte **T5044/1985** gepasseer deur **BOEDEL WYLE ANNA ENSLIN LEONARD (GEBORE OOSTHUIZEN), Boedel Nommer: 1607/1982** en **BOEDEL WYLE JOHAN DANIEL LEONARD, Boedel Nommer: 1517/1983,** ten gunste van **ANNA ELIZABETH STRYDOM, Identiteitsnommer: 460916 0012 005,** Getroud buite gemeenskap van goed - maritale mag uitgesluit, ten aansien van seker **PLAAS MODDERFONTEIN NR 122, DISTRIK HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT. GROOT: 379,6635 (DRIEHONDERD NEGE EN SEWENTIG KOMMA SES SES DRIE VYF) HEKTAAR**
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te BLOEMFONTEIN binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te HEILBRON op hede die 16 dag van November 2023
**AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die gesamentlike boedel van
**WYLE JAN FRANCOIS OLIVIER**
Identiteitsnommer: **540327 5078 08 8**
Van: **Tannerstraat 42, Heilbron**
Wie oorlede is op: **1 Januarie 2024**
BOEDELNOMMER: **000779/2024**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**
**TEL: 058 852 2041**
**E-POS: merlaw@phillaw.co.za**

## FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**



Elsstraat 44
Heilbron
Office National

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




**SKOOL TERMYNE 2024**
**SKOLE SLUIT 20 MAART - OPEN 3 APRIL**
**SLUIT 14 JUNIE - OPEN 9 JULIE**







**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

**DUPNO Trading**
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***






HERALD Sport

# Jackie wen HBA Mug met uitspeelronde

Saterdag was die maandelikse HBA Mug vir Februarie op die spel. Jackie Leonard en John Watson het albei 69 punte behaal, daarna het hulle 'n uitspeelrondte gespeel waarna Jackie as wenner aangekondig was. John Watson was slegs 1 punt agter in die uitspeelrondte.

Leonard Strydom het derde plek behaal met 70 punte, sou hy 1 punt minder speel was drie spelers in die gelykop wedstryd.

Vandag en more (16 & 17 Februarie) is die jaarlikse Ryder Cup wat teen Frankfort gespeel word. Die klub wens al die spelers sterkte toe en dat almal die geleentheid saam sal geniet. Daar is ook plaaslike uitstallers en almal word uitgenooi om hulle by die klubhuis te kom ondersteun. Vanaand, na die dag se spel en prysuitdeling, tree 'n verrassings-kunstenaar op en die hele gesin is welkom om die klub sosiaal te besoek.



*Op die foto vl: Jackie Leonard (Wenner) & Delareyz Smit (Tesourier).*



*Op die foto vl: John Watson (Naaswenner) & Delareyz Smit (Tesourier).*



*Op die foto vl: Leonard Strydom (Derde plek) & Delareyz Smit (Tesourier).*

# Rolbalnuus

Komende naweek gaan Tracy Jacobs en skoonseun Jurie Jonker aan die NFS gemengde pare kompetisie te Bethlehem deelneem. Rudi en TracRoly wat verlede jaar die NFS Kampioene was, sou vanjaar hulle titel verdedig het. Jurie en Tracy het dit goed gedink om ter ere aan wyle Rudie die titel tog te gaan verdedig. Ons hou styf duim vas vir hulle.

Woensdag 21 Februarie word 'n "Fun Dress" dag gehou by die rolbalklub. Spel begin 18:00 vir 18:30. Trek "Fun" aan en jy kan dalk 'n prys losslaan! Inskrywings is R100 pp wat 'n ete insluit. Kontak Hannalie of Tanya om 'n span in te skryf. Heerlike ekstra etes kan ook aangekoop word.



*Op die foto vl: Tracy Jacobs en Jurie Jonker.*




WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG- 19 FEBRUARIE 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 20 FEBRUARIE 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
STANDERTON Aanteelveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
ERMELO Aanteelveiling
Kontak David Harris 082 573 7979

WOENSDAG - 21 FEBRUARIE 2024
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
RANDFONTEIN Weeklikse veiling.
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
GANTOUW BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, BULL RING AUCTION HOUSE
Hamelfontein, Davel, Bethal
Kontak Chris van Heerden 078 258 9696

DONDERDAG - 22 FEBRUARIE 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DUNDEE 2-Weeklikse veiling
Kontak Andrew Banks 082 659 3365
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 23 FEBRUARIE 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za